HEFSIBA NUUSBRIEF

VAN

KRUGER EN ANTOINETTE

23 Junie 2009

"Om te belê in kwaliteit christelike opleiding van inheemse leiers wat 'n impak gaan hê op hulle hele samelewing en land –ek weet van geen beter belegging nie!"

Prof. dr. Willem Saayman (Missioloog)

Liewe Vriende,

Dit was nou sommer 'n lekker MPHATSO- HEFSIBA Vennootskapsvergadering verlede Saterdag daar by die Gereformeerde Kerk in Centurion. Ons was getref deur die verhale van betrokkenheid van die wat opgedaag het en hulle opofferinge en bereidwilligheid om voort te gaan met hulle betrokkenheid by HEFSIBA en die Igreja Reformada (IRM). Handgesoekte mense van God. Jammer daar was nie meer mense nie… Ds. Corneil du Plessis van Alberton-Suid is nou die nuwe entoesiastiese voorsitter, Magda Saayman bly sekretaresse, Alf Peters bly Visie-Voorsitter en Attie van der Walt en Edwin Müller is die nuwe alternatiewe lede. Bid asb vir hulle.

Die "Powerpoint" aanbieding wat ek opgestel het oor die veelbewoë geskiedenis van die kerk in Mosambiek en veral dan die Vervolgings- en Woestynjare, het ook baie goeie kritiek ontlok.

PROF WILLEM SE OPROEP TOT BETROKKENHEID BY TEOLOGIESE OPLEIDING IN AFRIKA

Prof Willem Saayman van die Missiologie Departement by UNISA, het op sy gemaklike manier van gesels die teenwoordiges aan sy lippe laat hang. Uit boeke en doktorsgrade van sy studente, het hy daarop gewys dat alhoewel die Evangelie uitbrei in Afrika, dit nie noodwendig in diepte toeneem nie. Die Christendom maak net nie 'n impak op die samelewing soos dit moet nie en groot skuld moet gelê word voor die deur van sg evangeliese kerke wat net bekering bly preek en nie belê in grondige teologiese opleiding van inheemse werkers nie. Hy was ook minder vleiend oor organisasies wat groot Herlewingsveldtogte reël sonder opvolg. Hy praat van die "Sendingbeweging sonder kerk van die neo-charismate" Hy praat ook van "Ge-evangeliseerdes wat nou nodig het om teologies ge-evangeliseerd te raak."

Sy visie vir HEFSIBA is dat hulle ernstig sal besin oor die moontlikheid van 'n Sentrum vir Mobiele Opleiding. Ja, hy sien in sy geestesoog sulke sentrums tot in die bosse waar predikante wat by HEFSIBA afgestudeer het, o.a. gebruik word om

ander voornemende predikante op te lei. Die dosente by HEFSIBA dien dan as die mentors met die "resources"

Hy beveel ook aan dat NG kerkgeboue opleidingsentrums moet word met plekke waar swart studente bv. rekenaars kan gebruik en toegang kan kry tot die Internet. Gemeentes moet "vriendelike" plekke word – 'n aanloopplek ook vir anderskleuriges. "Apartheid was verkeerd – bely dit en beweeg aan – ons het nog steeds 'n belangrike roeping hier in Afrika," het hy op 'n vraag geantwoord.

DIE NUWE HEFSIBA WEBBLADSY

Ons kondig met trots aan die nuwe HEFSIBA Webbladsy, voorberei deur Attie en Anel van der Walt (met die raad van 'n vriend). Gaan in op www.HEFSIBA.org en sien die nuwe professionele Webtuiste met al die resente inligting wat jy wil hê oor HEFSIBA. Vind daarin die merkwaardige geskiedenis van die Kerk en HEFSIBA. Lees oor die huidige personeel, studente, kursusse, ens. vergesel met al die nodige fotos. Jy kan nou ook die Nuusbrief in Afrikaans en Engels op die Web kry. Die vertaling word gedoen deur Anel – baie dankie, Anel! Dan nog 'n groot geskenk: Alles is nou ook in Portugees! Hier en daar kort daar nog inligting, maar ons gaan so vroeg moontlik die webtuiste "lewendig" maak.

Die briljante voorstel van die lede van die vergadering was dat ons die Webtuiste "link" met die webtuistes van sinodes en gemeentes. Dit sal dan sommer ons blootstelling verhonderdvoudig!

Bid asb ook vir hierdie inisiatief.

HEFSIBA GAAN VOORT – SONDER ONS!

Ons is beïndruk met die wyse waarop HEFSIBA bly funksioneer in ons afwesigheid. Daar is pas eksamens geskrywe, dus vraestelle opgestel, nagesien, punte bespreek en gepubliseer en, volgens berigte het alles seepglad verloop. Die finansies word steeds baie versigtig hanteer en verantwoordelik geouditeer. .Ons is trots op ons inheemse administratiewe klerke en op ons dosente. Dank die Here saam met ons vir hulle en bid vir hulle volharding.

ONS KARRING AAN OP PARYS

My navorsing gaan voort, maar heelwat stadiger as wat ek gehoop het, maar – voor in die wapad brand 'n liggie! Het goeie boeke raakgeloop by proffies, biblioteke en Boekwinkels, goeie onderhoude gevoer o.a in Vanderbijlpark met opvoedkundiges en geniet nog die oplees van inligting en volhard met die opskrywing van ter saaklike inligting. Deugde soos deursettingsvermoë en geduld moet nou inskop…

Die familiebyeenkoms vir my 60ste vejaarsdag in Potch het baie goed verloop met oor 'n 40 feesgangers. Ons dogter Anchen en haar man Stefan, het alles by hulle ruim huis puik gereël en die ete was uit die boonste rakke. Ons seun Johann was ook van Ierland teenwoordig en dit was vir ons baie lekker dat hy hier kon wees vir die geleentheid. Ons ander seun Jan-Louw, en vroulief, Lauren, het 'n DVD saamgestel oor my en Antoinette se lewens saam en dit is toe by dié geleentheid vertoon. Ons was ook in die bevoorregte posisie om ons twee se ma's daar te kon hê. Dit is 'n groot genade om so 'n groot familie te kan hê (ek is een van 8 broers en susters)

Dankie vir die gebede vir ons gesondheid – dit gaan baie goed deur Sy genade. Kruger sal volgende maand weer toetse ondergaan in Somerset-Wes.

Ons kry gereeld geleentheid vir promosiewerk en is dankbaar daarvoor. Ons preke en Powerpoint aanbiedings by Vanderbijlpark-Suid, Parys-Oos en Roodekrans gemeente die afgelopoe tyd het baie goed verloop en die terugvoer was goed. Volgende Sondag gaan ons na Alberton-Suid. Dan vertrek ons na die Strand vir 'n maand om nader aan my promotors te wees en te kyk of die see nie sal help met skerp, kreatiewe denke nie! Ons is ook genooi om op te tree in Bettiesbaai, Robertson en Montagu.

DIE TOEVALLIGE GETUIENIS VAN DIE GRYSE/O CIZENTO.

Nee, nie die getuienis van my of Antoinette nie, maar van ons nuwe grys voertuig! (Portuguees; O Cinzento = Die gryse) Toe ons bakkie 'n "gasket" blaas Mosambiek, het ons dit verkoop en per vliegtuig na SA gekom. Hier was ons skoonseun so gaaf gewees om ons sy ou Drifter, Maza bakkie te gee. Toe die ook 'n "gasket" blaas was ons op soek na 'n ander betroubare kar. Kobus Botha van SERVIR laat ons toe weet uit Maputo dat sy broer Hugo 'n Nissan X Trailer van 'n diplomaat gekoop het en die wil verkoop. "Toevallig" is die bedrag die bedrag wat vanjaar loskom vir polisse en "toevallig" kom 'n sendeling,Gus, die naweek uit Mosambiek met die voertuig na Roodepoort waar ons "toevallig' preek. Gus vra dat ons die Saterdag moet ontmoet by 'n vulstasie wat "toevallig 'n blok van my seun se huis in Roodepoort is. "Toevallig" hou ons baie van die goed opgepaste diesel 4x4 voertuig en brandstofverbruik van 13km per liter. Ons hou ook baie van die gedagte dat ons nie al die rompslomp hoef deur te gaan van invoer en -belasting nie (op so 'n luukse kar = 100% invoerbelasting!).

Probleem: Ons het nog nie die geld nie. "Toevallig" bied die Getuienisaksie kantoor daar in die Kaap aan om in die tussentyd 'n lening tot ons beskikking te stel. "Toevallig" soek sendeling Louis Geldenhuys 'n geleentheid om uit Mosambiek te kom en bring hy die Nissan tot voor ons deur op Parys! Ek ry later tot in Maputo vir die

dokumentasie waar alles glad verloop en die Nissan nou op my naam geregistreer is – Halleluja!

Dankie vir die wat aan ons gedink het en gebid het dat alles glad moet verloop! Ons dien nie "toevallig" 'n groot, voorsienende God nie! Of hoe sê die ander ou nou die dag vir my? Dit is nie toevallig nie – sê liewers: "Toe val die Lig…"

PERSONEEL SAKE

1. Petria Theron kom volgende week DV na SA. Dankie vir almal wat bygedra het tot ons oproep om te help met uitbreiding van haar huis – ons kort nog sowat R10 000 van die R35 000 wat uitstaande was! Ons dank aan die Getuienisaksie van die Wes-Kaap Sinode, HEFSIBA en al die individue wat ook substansiëel bygedra het.
2. Dirk en Marie Smit het pas oupa en ouma geword! Sy kom ook DV in Julie af vir 'n kursus in Engels en dan gaan sy die kleindogter vir die eerste keer groet.
3. Vier van ons dosente en die Voorsitter van HEFSIBA se Administratiewe Raad op nasionale vlak, ds. Samuel Bessitala, gaan aan die einde van Juli e na Stellenbosch vir 'n werkswinkel van NetACT oor Kurrikulum ontwikkeling en ook HIV en Vigs waar ek een van die aanbieders gaan wees. Ons sien uit na die weersiens.
4. Antoinette se ma word vanjaar 80 jaar. Ons is dringend op soek na 'n bekostigbare verblyf in 'n versorgingsoord in Bloemfontein, of dalk in Potch. Ons sal soveel meer gemoedsrus hê as sy goed versorg is voor ons Mosambiek toe gaan – kan ons ook julle voorbidding daarvoor vra?

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!

"If we are going to see a mass people movement to Christ, it will be done only through fielding many more thousands of native missionaries"

KP Yohanan